# SEKULARISASIE—HISTORIESE EN KERKHISTORIESE FAKTORE WAT TOT DIE HEDENDAAGSE SITUASIE GELEI HET.

PROF. A. D. PONT *

Die begrip **sekularisasie** en wat daarmee saamhang is 'n relatief moderne begrip in diê sin dat dit eers gedurende die laaste aantal jare in die teologiese wêreld en wetenskap sterk na vore kom. Die gedagte self is natuurlik heelwat ouer, maar dit is besonder moeilik om hierdie gedagte, soos dit vandag gebruik word, baie ver terug te volg in die geskiedenis van die Kerk omdat die definiëring van die hedendaagse woord en begrip ook bepalend sal wees vir die historiese ondersoek assodanig. Daarby kom die verdere faktor dat die woord en begrip **sekularisasie** in ons eie tyd ook geen enkelvoudige inhoud het nie en verskillende fasette vertoon.

Vir die doeleindes van hierdie uiteensetting kan sekularisasie gedefinieer of omskryf word as die geestelike en maatskaplike proses waardeur die vernaamste vlakke van die menslike lewe en bestaan **onttrek word** aan die leiding en insig van die christelike geloof, die teologie en die Kerk. Baie hang natuurlik nou af van die betekenis wat geheg word aan die woorde **onttrek word** want dit is duidelik dat hierdie onttrekking assodanig ook nie 'n enkelvoudige aangeleentheid is of kan wees nie. Hierdie onttrekking kan, wat Wes-Europa betref, saam met die kwasi-martelaar Bonnhoeffer, gesien word as 'n mondigwording van die wêreld ten opsigte van die christelike geloof [1], of dit kan gesien word as 'n bevryding van die wêreld van die magte van die natuur [2]. 'n Derde betekenis is ook die dat die sekularisasie 'n historiese proses is waardeur die gemeenskap en die kultuur los- en vrygemaak word van die christelike geloof, teologie en Kerk en dat dit ook gesien moet word as 'n bevrydende proses [3]. Harvey Cox stel dit dan ook so dat die Bybelse openbaring die mens losmaak van sy opvatting dat hy in 'n sakrale wêreld leef, of dit nou christelik-sakraal of heidens-sakraal is, en hom daarom vrymaak om alleen sy hoof te buig voor die transendente God. Die mens word deur die openbaring bevry om die natuur te gebruik en die gemeenskap te hervorm en assodanig is die hele sekularisasie 'n tendens wat deur die openbaring sèlf na vore gebring

---

(1) D. Bonnhoeffer, Prisoner for God, London 1953, p. 146-147.
(2) H. Berkhof, Christus de Zin der Geschiedenis, Nijkerk 1958, blz. 85.
(3) H. Cox, The Secular City, London 1965, p. 167.

word. Hoe sterk die menings egter uiteenloop word aangetoon as Berkhof stel [4]:

> "Secularisatie is de in de cultuur geprojecteerde bekering, **de kerstening** van het leven. . . . Het aanvaarden van de kerstening of secularisatie is algemeen en vanzelfsprekend."

Immers by Berkhof is dit duidelik dat wanneer sekularisasie en kerstening daar gelykgestel word, hy iets anders op die oog het as dié proses van sekularisasie waar, volgens die nuwere opvattings, die verskillende lewensgebiede en sosiale funksies outonoom ten opsigte van teologie en Kerk word. Dit sou egter te ver voer om op al hierdie aangeleenthede in te gaan.

Wil mens hierdie proses van sekularisasie egter beperk tot binne die geskiedenis van die Christendom, dan wil dit voorkom dat 'n ondersoek die beste begin kan word by die laaste gedeelte van die sewentiende eeu. Maar dan is dit van meet af onder die verstandhouding dat die verskynsel van sekularisasie sy groeipunte verder terug kan voer in die geskiedenis. Wat in die sewentiende eeu gebeur, is dat die Kerk en teologie te staan kom voor die ontwikkeling op natuurwetenskaplike vlak en eintlik deur die ontwikkeling in die verleentheid geplaas word. Die Christendom wat nie alleen aan die kultuur- en geesteslewe van die ou Grieks-Romeinse heidenwêreld die hoof gebied het nie maar dit ook oorwin het, wat gedurende die Middeleeue die aanraking met die kultuur en geleerdheid van die Arabiese wêreld glansvol deurstaan het, vertoon in die sewentiende eeu 'n merkwaardige onbeholpenheid om 'n standpunt te vind ten opsigte van die natuurwetenskaplike opbloei wat tot in 'n hoë mate deur die Christendom en die Kerk self moontlik gemaak is.

Die agtergrond vir die sewentiende eeuse verskynsel van sekularisasie lê ongetwyfeld in die sestiende eeu waar die twee groot stromings, naamlik die Renaissance, en in verband daarmee die humanisme aan die een kant en die Kerkhervorming aan die ander kant, baan breek. Hoewel beide stromings 'n enorme bydrae lewer tot die byna volledige vernietiging van die ou rooms-sakrale lewensorde van die Middeleeue, wat reeds voor die sestiende eeu sy krake toon, [5] was die Renaissance en die Re-

---

(4) H. Berkhof, a.w., blz. 84. My aksentuering.
(5) Hier kan veral gedink word aan die ontwikkeling, gedurende die veertiende eeu, op politieke gebied in Frankryk en Engeland en die geleidelike verbrokkeling van die pouslike gesag. Daarnaas aan die filosofiese denkbeelde van Duns Scotus wat die magtige Thomistiese sisteem ondermyn het.

Middeleeue wil karakteriseer, dan sou die klem moet val op formasie nie twee **verwante** strominge nie [6]. As mens die enersyds die oorkoepelende sakrale orde van die hele lewe en wat die gees betref die volkome aanvaarding van die bindende outoriteit en die gsaghebbende norme — dit geld vir die geloof, die filosofie, die wetenskap, die kuns en wat maar genoem wil word. Wat die geloof betref, kan Bernhard van Clairvaux en Franciscus van Assisi as dié twee uitstaande figure genoem word **wat die geloof van die Kerk** tipeer. Daardie geloof is deur en deur antroposentries-moralisties, sterk beheers deur die gedagte van die **contemptus mundi.**

Enersyds, in verlenging van hierdie gedagtes [7], andersyds deur die stimulans van die herleefde belangstelling vir die klassieke kultuur van die ou heidense Griekeland en Rome, het die Renaissance en humanisme die Middeleeuse eenheidskultuur deurbreek, 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing na vore gebring. Maar daar moet vanselfsprekend rekening gehou word met die feit dat die Renaissance en die humanisme nié 'n absolute breuk met die voorafgaande tyd beteken nie, maar veel eerder 'n ombuiging, slegs 'n nuwe rigting beteken [8]. Hierdie rigting kan miskien die beste aangedui word as **die reine Diesseitigkeit** wat die lewens- en wêreldbeskouing van die Renaissance en humanisme karakteriseer met daarby die sterk heidense inslag wat die denke en werk van veral die humanisme karakteriseer [9]. Juis hierdie karaktertrek beteken ook vir daardie tyd, 'n sterk relativering van die Christelike geloof wat meebring dat die godsdiens gesien word as maar net een vlak van die menslike kultuur. Daarby is die Christelike godsdiens vir die Renaissance en humanisme nie veel meer as 'n praktiese wysheidsleer nie — dit wil sê 'n gewone moraalleer waarvan die inhoud deur die mens self bepaal word. Voorbeeld van hierdie denke is o.a. Erasmus se **Enchiridion militis christiani.** Tipies van die Renaissance is sy beklemtoning van die Renaissance-beginsel dat die mens en die mens alleen die maat van alle dinge is.

Dit is hierdie tendense in die Renaissance en humanisme wat met die voortgang van die tyd so 'n belangrike rol speel in die sekularisering van die kultuur en die lewe van die Europese mens.

---

(6) Vgl. J. Huizinga, **Het Probleem der Renaissance**, art. in **Tien Studiën**, Haarlem 1926, blz. 322-323.
(7) J. Huizinga, a.w., blz. 339.
(8) Ook die Renaissance is in 'n hoë mate nog verbonde aan die gedagte van 'n gesagskultuur, hoewel die gesag, die ewig-geldende maatstaf nou diesseitig gesoek word.
(9) Vgl. K. D. Schmidt, **Grundriss der Kirchengeschichte**, Göttingen 1954, S. 266 - 267.

Langs die Renaissance en humanisme het die beweging van

die Kerkhervorming baan gebreek — 'n beweging wat ook nie 'n volledige eenheidsbeeld vertoon nie en wat onderskei kan word in die Lutheranisme, die Calvinisme en as 'n moontlike derde, die Anglikanisme. As radikale beweging, links van die Kerkhervorming kan ook nog die Anabaptisme genoem word wat in sy grofste vorms die bestaande orde kort en klein wou slaan om die Koninkryk van God met vuur en swaard op aarde te vestig [10]. Tiperend van die Hervorming is dat dit primêr die gehoorsaamheid van die mens aan die „vreemde" Woord van God weer tot volle geldigheid wil bring. Teenoor die moraal en askese van die Middeleeuse roomse Kerk, teenoor die moraal en optimisme van Renaissance en humanisme, stel die Kerkhervorming die vaste geloof in die Drieënige God en die daaruit voortvloeiende werke van dankbaarheid van die mens. Hierdie beklemtoning van die **sola fide** en daarmee saamgaande die **sola scriptura**, het, sonder dat die reformatoriese vadere dit presies só beplan het, gelei tot die finale verbreking van die kerklike eenheidsstruktuur van die Middeleeue. Daar was nou 'n duidelike kerklike breuk wat ontstaan het op die vlak van die geloof in en gehoorsaamheid aan God en dit het, uiteraard, ook organisatoriese konsekwensies gehad.

As 'n na-vrug van die Kerkhervorming het dié geloofs- en kerklike beweging ook 'n enorme invloed op die kultuur van Wes-Europa gehad. In navolging van Haitjema sou die effek van die calvinistiese hervorming aangedui kan word op die vlak van die staatkunde en staatopvatting, die ekonomie en die wetenskapsbeoefening [11]. Hierdie invloede het in hulle deurwerking ook meegehelp om die bodem voor te berei vir die ontwikkelinge van later tyd. 'n Ontwikkeling wat in 'n gesekulariseerde rigting gaan sonder dat dit so deur die Hervorming bedoel is. Want vir die Hervorming is die primêre en die alles-oorheersende die geloof in en gehoorsaamheid aan die ewige God wat Hom, in sy genade, aan die mens openbaar deur sy Woord alleen. Dit is die leidende beginsel en die oorsprong van die geeskrag van die Hervorming. Maar wanneer die hoogspanning van die geloof verswak, wanneer die reformatoriese liefde vir die Evangelie van die regverdiging deur die geloof alleen begin afkoel, dan is die voorwaardes vir die opkoms van 'n ander geestesopvatting wel deeglik moontlik. Dit gebeur dan ook in die na-reformatoriese tydvak wanneer leerheiligheid enersyds en piëtistiese bevindelikheid andersyds die plek begin inneem van die reformatoriese geloof, dat dan die rasionalistiese filosofie die geleentheid kry om baan te breek in die per-

---

(10) J. Burckhardt, **Die Kultur der Renaissance in Italien**, Leipzig 1913, S. 481 ff.
(11) H. Fast (hrg), **Die linke Flügel der Reformation**, Bremen o.J., S. xxviii ff.

sone van Cartesius en Spinoza. Dit is die verset teen die gsag van Gods openbaring en by Cartesius word dit duidelik dat alles moet draai om die denkende mens. Die denke en die begrip kry 'n primaat bó die woord, elke woord, ook die Woord van God. Die Woord wat van buite die mens kom, wat van buite die mens aanspreek, daarvoor is daar geen plek in die nuwere filosofie nie.

Wat hier gebeur is dat die filosofie sy soektog na die laaste oorsake, die allesbeheersende norm, laat vaar omdat hierdie ondersoek eintlik geen resultate gelewer het nie. Die aandag word nou gevestig op meer sekondêre aangeleenthede en sodoende begin die natuurwetenskap met meer beperkte, maar ook meer gespesialiseerde ondersoek en ontworstel hom aan die noodsaak om soiets soos 'n natuurlike filosofie, as die resultaat van sy denke en ondersoek, aan te bied.

Hier ontstaan dus die botsing, reeds gegee in die denke van Renaissance en humanisme, tussen die rede-kennis en die openbaringskennis. Hoewel Cartesius hierdie vraag self nog nie benader of probeer beantwoord nie, het sy navolgers wel deeglik op hierdie saak ingegaan. Balthasar Bekker, die skrywer van **De Betooverde Wereldt**, het al gestel dat die gegewens in verband met engele in die Heilige Skrif niks meer is as beeldspraak nie. 'n Voorlopige poging tot **entmythologisierung** kom dus reeds hier in 1691 na vore wanneer die rasionele denke teenoor die openbaringskennis gestel word. [12]. Op hierdie eerste teenstelling volg die sogenaamde akkomodasie-teorie om daarmee die Skrifwaarheid onder 'n vraagteken te stel en dit word opgevolg deur die stelling dat die Skrifwaarhede wat die toets van die rede nie kan deurstaan nie, nie as waarheid kan geld nie. Daarmee is dan ook een van die belangrikste fasette van die verskynsel sekularisasie aangedui.

Die tydperk van die **Aufklärung** met sy sterk sekulariserende tendens stel dus die rede (ratio) teenoor die outoriteit (auctoritas) en assodanig is dit natuurlik nie 'n verskynsel wat tot die sewentiende of agtiende eeu beperk is nie [13]. Tog is dit so dat die **Aufklärung**, eindeloos meer as Renaissance en humanisme, ons moderne tyd voorberei het en 'n tipering van hierdie tyd wat veelseggend is, is dié wat deur Immanuel Kant gegee is [14]:

> "Aufklärung ist der Ausgang des Menschen aus seiner selbstverschuldeten Unmündigkeit; Unmündigkeit ist das Unvermögen sich seines Verstandes ohne Leitung eines Anderen

---

(12) Th. L. Haitjema, **Calvijn en het Calvinisme**, artikel in **Cultuurgeschiedenis van het Christendom**, Amsterdam 1957, blz. 1139 vg.
(13) Vgl. hier F. W. Kantzenbach, **Protestantisches Christentum im Zeitalter der Aufklärung**, Gutersloh 1965, S. 51.
(14) J. N. Bakhuizen van den Brink en W. F. Dankbaar, **Handboek der Kerkgeschiedenis**, Den Haag 1968, D1. 4, blz. 78.

zu bedienen. **Sapere audere** ! Habe Muth dich deines eigenen Verstandes zu bedienen ! ist der Wahlspruch der Aufklärung."

Die algemene sekularisasie van die geestes- en kultuurlewe kan nagegaan word uit die ontwikkeling van die natuurwetenskappe. 'n Ontwikkeling wat met voortgaande vaartversnelling tot vandag toe voortduur. Hierdie sekularisasie is terselfdertyd 'n verset teen die kerklik-gebonde eenheidskultuur en in die algemeen het die **Aufklärung** die grondbeginsels van die Christelike geloof aangeval omdat die Christelike geloof die onderwerping en gehoorsaamheid van die mens aan die transendente en vir die mens onbereikbare en onbeheerbare God voorop gestel het.

Die **Aufklärung**-teorieë wat 'n groot invloed op die sekularisering van die Europese wêreld uitgeoefen het, kan aangedui word as die engelse deïsme, daarnaas die frans-rewolusionêre-rasionalistiese filosofieë met die slagkreet : vryheid, gelykheid en broederskap terwyl in Duitsland die **Aufklärung** in meer gemagtigde bane loop hoewel die filosoof Leibniz, 1646 - 1716, enigermate tiperend van sy tyd was en miskien ook profeties in sy pogings om roomse en protestantse gelowiges, lutherane en calviniste, tot kerklike vereniging te bring op grond van 'n „algemene christelike geloof".

Geleidelik word al die kultuurgebiede van die mens in Wes-Europa losgemaak van sy oorspronklik-christelike basis en die Woord van God en die kerklike leer, wat die hele beskaafde lewe gestempel het, word al meer en meer in die agtergrond gedruk. Die filosofie, losgemaak van die Woord van God, vind sy uitgangspunt in dit outonomie van die menslike rede. Tiperend van dié tyd is dat dáár die godsdienstige beweging van die **Vrymesselary** ontstaan — 'n „godsdiens" van verligte humaniteit, van deïstiese opvattings, en vlak moraal wat hom ook pertinent wend teen daardie christelike geloof wat die gesag van die Woord van God en die Belydenisskrif van die Kerk onverkort handhaaf.

Nie net word die godsdiens gesekulariseer nie, maar ook die staatkunde en die staat waar nou die natuurreg as oppermagtig gesien word. Immers nou word die beginsels van die reg afgelei uit die menslike natuur alleen. Baanbrekend vir hierdie opvattings is die juris en Arminiaan Hugo Grotius, 1583 - 1643, wat in 1625 sy beroemde werk **De iure belli ac pacis** publiseer waarin hy die ontstaan van die staat herlei uit die sosiale drang van die menslike natuur. So 'n staat is, uiteraard, 'n staat wat op die punt van die godsdiens verdraagsaam of selfs neutraal sal wees. Daarmee lewer Grotius sy bydrae tot die vernietiging van die calvinistiese en teokratiese ideaal van die organiese kerkstaat kultuur [15]. Daarmee word Grotius ook die man wat die finale breuk tussen

die teologie en die regswetenskap voltrek.

Met die opkoms en deurwerking van Grotius se gedagte wat onherroeplik die skeiding van Kerk en staat meebring, is die staat nie meer die samevatting van die christelike gemeenskap of volk nie. Die gevolg is dat die Kerk gesien word as 'n vrywillige vereniging binne die groter gemeenskap van die staat wat as 'n gesekulariseerde gegewenheid beskou is. Die vraag of 'n mens nou protestant is of 'n deïs of 'n totaal-ongelowige word nou beskou as 'n saak wat elke mens vir homself moet uitmaak. Hier het die indiwidualisme as verskynsel van die tyd ook sy sekulariserende rol begin speel. Die resultaat in die agtiende en negentiende eeu was dan ook dat die Kerk op die agtergrond van die lewe gestoot is en kry ons nou dat allerlei filosofieë en ideologieë, sommige waarvan beslis vyandig teenoor die Kerk gestaan het, die leiding in die gemeenskap oorneem.

Ook onderwys en opvoeding wat in die voorafgaande tyd die terrein was van die Kerk, selfs só dat in die sestiende eeu en die begin van die sewentiende eeu deur die Kerk in Nederland nog geëis is dat die onderwysers die Belydenisskrifte van die Kerk moet onderteken, het nie aan die sekularisasie ontkom nie. Inteendeel, die ou opvoedings- en onderwysideaal van die mens wat die taak het om as ware gelowige in sy daaglikse lewe God uit dankbaarheid te verheerlik, word nou vervang deur die ideaal van die redelike mens wat deur die rasionele ontwikkeling van sy geestelike vermoëns instaat sal wees om op al die terreine van die lewe 'n bydrae te lewer.

In die handel, industrie, tegniek en ekonomie geld alleen maar die wette van 'n gesekulariseerde samelewing. Rasionalistiese ekonomiese stelsels wat slegs 'n beroep doen op die **ratio** van die mens om alle probleme op te los, is tiperend van 'n tyd wat die grootste deel van sy aandag gee aan die tasbare dinge van hierdie wêreld en geen verband meer wil onderhou met die godsdiens en die geopenbaarde waarheid van die Woord van God nie.

Op ekonomiese vlak moet ons, nader na ons eie tyd, ook die effek van die tegniek in gedagte hou wat 'n totale omwenteling in die samelewingspatroon veroorsaak het. Die hele fabriekswêreld met die nuwe arbeiderstand het in Europa geweldige probleme op sosiale gebied geskep en hierdie probleme word so ernstig opgeneem dat 'n mens dikwels die indruk kry dat in die Europese kerke vandag die sosioloog 'n belangriker figuur as die teoloog is. Opmerklik is dan, terloops, die opmerking van die Vier-en-

(15) I. Kant, **Was ist Aufklärung**, aangehaal by J. N. B. van den Brink, a.w., blz. 79.

Twintig in Nederland in hulle **Open Brief** van 31 Oktober 1967 waarin hulle stel:

> "En zij (die predikante) die noch in getrouwheid hun ambtelijke taak trachten te vervullen, moeten het aanzien, dat wat zij geestelijk trachten op te bouwen, en bijeen te vergaderen als Gemeente, door nieuwe methodieken vanuit de sociologie en psychologie, door machtige publiciteitsmedia als pers en radio, door tal van synodale geschriften, door vormingscentra en dergelijke, ondermijnd wordt."

Hier word duidelik hoe die invloed van die wêreld nou die Kerk in 'n bepaalde koers dwing, terwyl die situasie juis andersom behoort te wees, naamlik dat die Kerk die leiding aan die wêreld gee.

Ook die teologie en die geloof word self deur die **Aufklärung** geïnfekteer en die **Aufklärungs**godsdiens is nie veel meer nie as 'n algemene, natuurlike godsdiens waar die liefdesgebod van Mt. 22:37-40 so min of meer die sentrale is. Feitlik kom dit neer op 'n sterk antroposentries-bepaalde moraalleer waar die Bybelse geloof nie meer geld nie en waar Jesus Christus van Messias-Verlosser gedepresieer word tot die groot Voorbeeld wat nagevolg moet word, of tot die hoogste leraar van die waarhede van die ewige lewe, 'n ewige lewe wat die mens prinsipieel en van nature sèlf kan bereik.

Samevattend van die **Aufklärung** kan miskien ook verwys word na Ernst Troeltsch se omskrywing van hierdie tyd waar hy stel:

> " . . . die Trennung von Staat und Kirche, die Spaltung von weltlicher Kultur und religiösen Idee, die Freigebung der Zersplitterung der christlichen Kirche in eine Reihe verschiedener Gemeinschaften und Lehren . . . . Nicht blosz die einheitliche religiöse Organisation, sondern jede einheitliche Organisation der Kultur ist überhaupt zu Ende."

Naas hierdie kenmerke wys K.D. Schmidt daarop dat hierdie tyd ook gekenmerk word deur die opkoms van die indiwidualisme [17]. Die enkeling-mens kom reeds in die sewentiende en agtiende eeu al meer op die voorgrond, die enkeling wat self sal uitmaak wat die inhoud en norme van sy lewe sal wees. Hierdie ontwikkeling loop deur tot vandag toe en die verskynsel van die

---

(16) Vgl. Th. L. Haitjema, **Het Verval en Zijn Oorzaken**, artikel in **Cultuurgeschiedenis van het Christendom**, Amsterdam 1957, blz. 1367. Ek het met groot dankbaarheid vryelik gebruik gemaak van die uitnemende analise en karakterisering wat hier gebied word.

(17) E. Troeltsch, **Grundrizs zum Studium der Kirchengeschichte**, 1949, S. 66f.

„massa-mens" in ons tyd is die logiese gevolg van hierdie situasie. Die individualisme en die massa hoort bymekaar want die massa is nie 'n gemeenskap nie. Immers waar daar nog gemeenskap is, daar is nog 'n binding aan 'n gemeenskaplike geestesbesit en norme, juis dié dinge waarteen die indiwidualisme in opstand kom. Hierdie indiwidualisme het in sy opkoms en voortgang ook 'n verwoestende rol in die kerklike gemeenskap gespeel en die resultaat van die opkoms van die indiwidualisme op kerklike vlak, is die vernietiging van die belydenis-eenheid in die Kerk en die opkoms, veral in Europese kerke, van die sogenaamde „rigtinge".

Die merkwaardige van hierdie indiwidualisme is dat dit, netsoos die humanisme, die liberalisme en die internasionalisme, 'n gedeeltelik christelike agtergrond het. Maar dit het 'n sekulêre ideaal geword en hom losgemaak van die christelike tradisie waaruit dit in oorsprong gekom het. Daarom is die indiwidualisme van die **Aufklärung** ook maar 'n swak afskynsel van die christelike leer oor die mens en kan mens daarin byna nie meer die reformatoriese leer van die algemene priesterskap van die gelowige herken nie. Die indiwidualisme lê nou die nadruk op die sogenaamde ingebore regte van die enkeling-mens en in sy ontwikkeling word hierdie teorie van die regte van die mens 'n tiperende oorskatting van die waarde van die indiwidu. Dit is egter opmerklik dat die reaksie teen hierdie oorskatting van die mens en sy regte, ook aweregs verloop. Want teenoor die regte van die mens word nou die pligte van die mens beklemtoon, sy pligte teenoor die gemeenskap. Maar dan word die gemeenskap assodanig weer gesien as die einddoel van die mens se bestaan op aarde en die uiteinde is dan dat die enkeling uitgelewer word aan die wil van die gemeenskap of van die staat, soos in die kommunistiese lande. Die balans tussen die mens enersyds en die gemeenskap of die staat andersyds kan in die gesekulariseerde denke moeilik gevind word omdat beide as einddoel in homself gesien word en dit vergeet word dat die mens en die gemeenskap in laaste instansie daar is om God te dien en aan Hom ondergeskik is.

Juis dit bring ons by die derde kenmerk van die **Aufklärung** en dit is die verheerliking van die natuur. Die natuur word nou nie meer as skepping van God gesien nie, maar as 'n vasstaande grootheid met sy eie wette en norme. En so word die natuur wat God vroeër was, die laaste norm. **Natuurlik** beteken nou : dit wat in ooreenstemming met die laaste norm is. So ontwikkel nou eienaardighede soos 'n natuurlike teologie of 'n natuurlike etiek, natuurreg en derglike meer.

Dit alles beteken dat vanaf die tyd van die **Aufklärung** die Kerk al meer en meer in 'n wêreld lewe wat nie meer christelik is nie en nie meer gedra word deur die basiese christelike beginsels nie. Hoewel die christelike invloed, hoewel die spreke van die Kerk in die wêreld in verskillende lande verskillend is, en ook 'n verskillende effek het, kan dit as 'n algemene stelling gemaak word dat die Kerk vandag in baie dieselfde posisie verkeer as die christelike Kerk in die Romeinse Ryk voor die tyd van Keiser Konstantyn. Die groot verskil is egter dat die Kerk in die Romeinse Ryk in opkoms was, terwyl die indruk nou bestaan en ook dikwels geformuleer word dat die Kerk vandag neerlaag na neerlaag ly en geleidelik al meer en meer in die agtergrond gedruk word [18].

Die vraag is egter nie net na die oorsake van die sekularisasieverskynsel en wat dit presies is nie, maar ook waarom die Kerk nie instaat was om aan hierdie verskynsel die hoof te bied nie. Nou is dit egter nodig om op een saak wel die lig te laat val en dit is, wat die Kerke van Wes-Europa betref, die eienaardige toestand dat juis in die tyd van die opkoms van die sekularisasie die Kerke 'n enorme krag ten opsigte van die sending ontplooi het. Hoewel ons nie altyd onverdeeld gunstig oordeel oor die sendingwerk wat gedoen is nie, is en bly dit tog merkwaardig dat die negentiende eeu juis die groot „sendingseeu" was terwyl in Europa die Kerk daar al begin met sy terugtog van sy voorrangposisie na 'n baie meer beskeie plek op die agtergrond van die openbare lewe.

As die vraag nou gestel word waarom die Kerk nie instaat was om aan die sekularisasie die hoof te bied nie, dan is die primêre oorsaak in die Kerk self geleë. Die Kerk kon nie daarin slaag om die hoogspanning van die reformatoriese **sola fide** en die **sola gratia** te handhaaf nie. Die Kerk self het die eksistensiële verbondenheid aan God, sy Woord en aan sy diens geleidelik al meer laat verslap en geleidelik het die teologie in die Kerk verintellektualiseer, die geloof is gewaardeer as 'n redelike oortuiging en onder ortodoksie is niks meer verstaan as die rasionele aanvaarding van die Belydeniswaarheid wat op sy beurt weer gesien is as die sorgvuldigste formulering van die intellektuele waarheid van die Heilige Skrif. Met die verslapping van die hoogspanning van die geloof het die belangrike vraagstuk, wat deur die reformatoriese vadere self nog nie volledig uitgewerk is nie, ook nie die nodige, voortgaande aandag gekry nie. Hierdie belangrike vraagstuk was die presiese deurdink en omskrywe van die verhouding natuur en genade, of menslike kultuur en Kerk. En juis

(18) K. D. Schmidt, a.a.O., S. 405 ff.

omdat hierdie probleem in die reformatoriese en na-reformatoriese tyd nie tot 'n algemeen-aanvaarde oplossing gebring is nie, het die sekularisasie die moontlikheid gevind om vanuit hierdie leemte baan te breek.

Die ver-intellektualisering van die teologie in die na-reformatoriese tyd het nie alleen beteken dat die vraag na die verhouding Kerk en kultuur nie verder gevoer is nie, maar het die indruk geskep dat die Kerk 'n vreemdsoortige organisme in die wêreld was wat weinig of geen verband met die daaglikse lewe het nie. Hier is die prediking 'n mooi voorbeeld want 'n groot getal preke het bewaar gebly waar die gemeente vir 'n uur of meer besig gehou is met geleerde verhandelinge oor sake soos die Griekse mitologie, of die geskiedenis van die Romeinse Keiserryk, of die sterrekunde of iets dergliks. Hierdie prediking wat die geleerdheid van die prediker pragtig ten toon gesprei het, was egter geen verkondiging van die lewende Woord van God nie. Vanuit hierdie intellektualisme het die teologie geleidelik en byna ongemerk te lande gekom by die supra-naturalisme, die „amptelike teologie" van die grootste gedeelte van die agtiende en die begin van die negentiende eeu. Maar hierdie supranaturalisme is dan geen teologie meer, in die reformatoriese sin van die woord nie. Hier, in hierdie „teologie" is getrag om 'n sintese te vind tussen die Bybelse waarheid en die antroposentriese rasionalisme en die resultaat was 'n antroposentriese en vlak moraalgeloof wat heeltemal geen begrip het van die openbaringskarakter van die Waarheid van God nie en wat dus in laaste instansie ook die eintlike boodskap van Gods Woord verloën. So het die Kerk, nie doelbewus nie, maar byna ongemerk te lande gekom in 'n nuwe en ander heidendom. Die oorsaak: omdat die Kerk self nie gebly het by die Waarheid van God nie; omdat die Kerk in sy eie denke en teologie ander weë gegaan het as die wat deur die Heilige Skrif en die Belydenisskrif van die Kerk aangedui word; omdat die „waarheid van die wêreld" vir die Kerk 'n groter waarheid geword het as die Waarheid van God. Dit is terselfdertyd opvallend dat as die Waarheid van God in die Kerk relatief word, dat dan terselfdertyd die handhawing van die tug ook uit die kerklike lewe verdwyn. Hier moet bygevoeg word dat die toleransie of verdraagsaamheid wat wesenlik 'n vrug is van die nie-kerklike humanisme, in die Kerk ook 'n opvallende rol gespeel het en juis die pad oopgemaak het vir die opkoms van die verskillende „rigtings" in die Europese kerke. Met die verdraagsaamheid is in die Kerk aanvaar dat die Waarheid van God dieselfde is as die redelike waarheid van die mens en daarom ook relatief is. Juis hierdie relativering van die Skrifwaarheid het beteken dat die Kerk in die wêreld geen duidelike woord meer kon spreek nie en het die

prediking van die Kerk gewissel van volkome vrysinnigheid tot by die ortodokse toe. Die feit dat in die Kerk en deur die ampsdraers van die Kerk die boodskap uitgedra is dat die Godsopenbaring op 'n vergissing by die Bybelskrywers berus, het in Nederland byvoorbeeld, hele landstreke permanent uit die Kerk uitgedryf.

In plaas daarvan dat die Kerk 'n ordelike, gedissiplineerde gemeenskap van gelowiges is, gedra, gerig en gelei deur die Woord van God, 'n gemeenskap wat duidelik die Evangelie uitdra èn daarvolgens leef, vervaag die grense, vervaag die gehoorsaamheid aan die Woord van God alléén en word die Kerk al meer en meer gelykvormig aan die wêreld. Dan ontstaan die merkwaardige situasie dat „die wêreld" uiteindelik vir die Kerk dikteer hoe en wat die Kerk is en moet wees. Die mooiste voorbeeld hiervan is ongetwyfeld die situasie in 1816 as die Nederlandse Owerheid aan die Kerk aldaar 'n kerkorde oplê wat weinig indien enige verband hou met die Belydenisskrifte van die Kerk en die geopenbaarde waarheid van die Heilige Skrif. Die tragiek van hierdie situasie is dan dat die Kerk dit so aanvaar en tevrede is daarmee dat die Kerk in feite gedepresieer word tot 'n vrywillige vereniging wat tot taak het die algemene nut en die opbou van die goeie sedes van die volk. Dan word die woord van die Prediker waar: Deur allerhande luiheid versak die balkwerk, en deur slapheid van hande lek die huis — Pred. 10:18.

Naas hierdie gebeure moet dan ook gelet word op die binnekerklike reaksie teen die verintellektualisering van die geloof en die teologie wat gevind word in die opkoms van die piëtisme. Maar hierdie piëtisme het vir die Kerk, in sy situasie teen die sekularisasie, geen besondere betekenis gehad nie omdat die piëtisme hom terugtrek het in die konventikel en wesenlik 'n kultuur-vyandige houding ingeneem het. Die na binne gerigte tendens van die piëtisme het wel 'n konserverende rol gespeel om 'n groot deel van die Kerk te bewaar by die essensiële waarhede van die Heilige Skrif, maar 'n stimulerende krag om die Kerk toe te rus teen die steeds groter wordende sekularisasie het dit niê gehad nie. Die vraag kom dan ook op of die sendingywer van die piëtisme, wat vir die sending assodanig geweldig baie beteken het, wat die situasie in Wes-Europa betref, nie dalk 'n ontvlugtingsaksie was nie.

Juis in die piëtisme kom 'n verdere faktor na vore wat vir die verstaan van hierdie situasie besonder belangrik is. In die piëtisme word die klem baie sterk gelê op die feit dat Jesus Christus, sy Kruis en Opstanding, betekenis het vir die redding en die saligheid van die indiwiduele sondaar. En dan word die Evangelie daartoe beperk. Die wêreldomvattende betekenis van

om ook sy roeping as Kerk nie begryp het nie. Die opdrag bly staan dat die Kerk in die wêreld moet staan sonder om van die Christus se koms, sy lyding, sterwe en opstanding word nie raakgesien nie en dit juis in 'n tyd wanneer die geskiedenis van Europa op 'n tweesprong gestaan het. Hierdie tekortkoming van die piëtisme wat daar van beslissende belang was, was egter 'n tekortkoming van die Kerk as 'n geheel. En ook hier is die gevolgtrekking onvermydelik dat die Kerk in sy verkondiging, in sy spreke, in sy lewe in die wêreld die inisiatief uit sy hande laat val het en hom deur die wêreld rondom die Kerk laat voorsê het wat uiteindelik die boodskap van die Kerk moet wees.

Ter versagting van hierdie oordeel kan aangevoer word dat die situasie van die Kerk in die wêreld onvermydelik so was dat die Kerk nie die geestelike leiding van die gemeenskap kon behou nie [19]. Daarby kom natuurlik die verdere faktor dat die reformatoriese Kerk vanaf die tyd van die Kerkhervorming nie meer alleen in die gemeenskap gestaan het nie maar, afgesien van die roomse kerk, begelei is deur 'n steeds groter wordende sektarisme. Die oorsake van die verstaan van die sekte-as-verskynsel is ook nie enkelvoudig nie en om die sekte maar te kwalifiseer as die „onbetaalde rekening van die Kerk" is in vele opsigte te simplisties. Maar die sekte met sy aansprake is dikwels wel 'n simptoom van die feit dat die Kerk, vir verskillende redes, hom laat beïnvloed deur allerlei geestesstrominge wat die waarheid van die Heilige Skrif nie meer erken nie. Dit bring in die Kerk die neiging na vore om die belydenis los te laat, en die Heilige Skrif sèlf, krities en vanuit nie-gelowige voorveronderstellings, te gaan bestudeer. Dan sluit die bose kringloop as die Kerk deurdring word van nie-kerklike gedagtes, filosofieë en ideologieë en uiteindelik self nie meer instaat is om die Evangelie van die verlossing te verkondig nie.

Dan lê die grondoorsaak van hierdie tekortkoming by die Kerk self wat sy eie Boodskap nie goed verstaan het nie en daar-

---

(19) Hierdie proses word soms doelbewus bevorder. In ons land kan daar gewys word op die stelselmatige ondergrawing van die betreklike voorrangsposisie wat die Afrikaanse kerke tot op datum gehad het deur die Afrikaanstalige Sondagkoerante soos **Die Beeld** en **Dagbreek en Landstem.** Met eentonige reëlmaat word tekortkominge, foute en verkeerdhede van kerklike ampsdraers van die Afrikaanse kerke daar met ophef weergegee. Kerklike onenighede en derglike meer word met maksimum publisiteit en minimum begrip hanteer. Waarskynlik word dit gedoen as deel van 'n beleid om die behoudende rol wat die Afrikaanse kerke in die Afrikanergemeenskap speel, af te breek en om sodoende vir die massa-kommunikasie-media die plek te verower wat die kerk nou nog beset. Opvallend is ook dat die tekortkominge en gebreke van die sterk links-georiënteerde en geïntegreerde engelstalige kerke in Suid-Afrika of van leidinggewende links-georiënteerde Afrikaanse kerkmense byna nooit in die koerante aan bod kom nie, en indien wel, nooit op dieselfde manier as wat ampsdraers van die Afrikaanse kerke aangeval word nie.

wêreld te wees en hierdie opdrag geld nie net die beslote kring van die gemeente nie, maar ook die hele menslike samelewing. Dit bly die taak van die Kerk om te worstel met die probleem hoe die Kerk die totaliteit van die kultuur met die Evangelie moet bereik sodat die kultuur ook weer tot die besef gebring word dat die hoogste taak van alle menslike funksies is dat hulle die eer van God sal dien.

Dit kan die Kerk alleen doen as die Kerk leef vanuit die suiwer Bybelse-reformatoriese geloof; as die Kerk erns maak met die inhoud en omvang van die hele Evangelie van Jesus Christus, die Verlosser; as die Kerk sy eie leer suiwer hou en binne-kerklik die kerklike orde en dissipline sorgvuldig handhaaf; as die Kerk met groot skerpte en helderheid van onderskeiding die grense duidelik trek; as die Kerk weer wil lewe as die werklike **ecclesia militans** wat die stryd aanbind sonder vrees omdat die Kerk mag leef vanuit die geloof dat Jesus Christus die Oorwinnaar is.

Maar as die Kerk voortgaan op die weg wat deesdae so populêr is, naamlik om die beginsel van "if we can't beat them, let us join them" te aanvaar en deur te voer, sal die Kerk **nooit** loskom uit die verstrikkende magdom van filosofieë en ideologieë wat van buite die Kerk aan die Kerk aangebied word as die uitnemende manier waarop die Kerk sy taak moet volvoer nie. Nóg die filosofie, nóg die sosiologie, nóg die psigologie, nóg die moderne opvoedkunde, nog enigiets wat uit die mens is, sal die Kerk verlos van die sekularisasie wat in sy eie geledere ingekruip het nie.[21] Ons staan vandag voor die resultaat, en dit is 'n skrikwekkende resultaat, van wat gebeur as die Kerk ontrou word aan sy primêre taak, as die Kerk bereid word om sy boodskap af te water en toegewings te maak, as die Kerk gerus en tevrede in die wêreld word en dan soos die wêreld word.

Die Kerk in die wêreld het net één taak en dit is om die Evangelie van die gekruisigde en opgestane Heer Jesus Christus onvervals te verkondig. Maar dit is 'n Evangelie wat van meet af 'n struikelblok en 'n dwaasheid in en vir die wêreld is. Daaraan kan ons egter niks verander nie. Ons moet dit uitdra sodat die wêreld dit kan hoor en in al sy geledinge daarna kan leef, en al beteken dit dat ons byna van voor af moet begin, is die dag van vandag nog nie te laat nie.

---

(20) Vgl. hieroor J. Waterink, **Fouten der Kerk en der Christenheid**, artikel in **Cultuurgeschiedenis van het Christendom**, Amsterdam 1957, bls. 1402. Heelwat van die bovermelde argumente en feite is ontleen aan hierdie artikel, hoewel sommige van Waterink se argumente nie as geldend beskou moet word nie. Hier word egter nie daarop ingegaan nie.

(21) Vgl. M.P. van Dijk, **Naar een Nieuwe Vrijzinnigheid**, Franeker 1966.

* Voordrag gehou by Predikantevergadering Ned. Herv. Kerk, 2 Oktober 1968, te Pretoria.